# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (18/16)

*Justin Chadwick 13 MEI 2016*

***"Progress isn't made by early risers. It's made by lazy men trying to find easier ways to do something"***
***Robert Heinlein***

## STANDARD BANK GAAN DIE HOOFBORG VAN DIE TWEEDE CGA CITRUS SUMMIT WEES

Na 'n baie suksesvolle eerste CGA Citrus Summit in Phalaborwa in 2015, gaan die CGA die tweede Summit in Port Elizabeth by die Boardwalk Konferensiesentrum vanaf 8 - 9 Maart 2017 aanbied. Ons is bly om aan te kondig dat Standard Bank weereens die Platinum Borg gaan wees - dankie vir jul ondersteuning aan die sitrusbedryf in Suider-Afrika. Die Summit se komitee is besig met voorbereidings en sal julle op hoogte hou van reëlings en verwikkelinge. In tussen word produsente versoek om die datum aan te teken.

Second CGA CITRUS SUMMIT 8-9 March 2017

## INDONESIË

Die Castrol-indeks van die stad met die ergste verkeer in die wêreld, lys Jakarta as nommer een - die Fruit South Africa afvaardiging kan uit eerstehandse ervaring bevestig dat hierdie posisie wel verdien word. Op hierdie laaste stop tydens die afvaardiging se reis na Suid-Oos Asië, het ons onsself in 'n verkeersknoop van epidermiese proporsies bevind – het 10 kilometer in 2 uur en veertig minute beweeg. Die tyd is goed spandeer omdat ons gereis het saam mnr Willem Geerlings, Adviseur by die Suid-Afrikaanse ambassade in Jakarta en ook die dryfveer was om "mutual country recognition (MCR)" deur Indonesië aan Suid-Afrika te verleen – "decree 234 of 2016" deur die Minister van Landbou van die Republiek van Indonesië is getiteld "Acknowledgement of the food safety supervision system for fresh food of plant origin from South Africa" is op 11 April 2016 onderteken. Dit verleen toegang aan vyftien produkte (insluitend alle sitrusvrugte) tot Jakarta hawe, en verminder die toets en sertifisering vereistes. Die MCR is geldig vir twee jaar, en kan opgeskort of ingetrek indien daar herhaalde "non-compliance" aan die vereistes soos gestel, gevind word.

Tydens die besoek is bepaal dat Indonesië weereens nie permitte vir lemoene en sagte sitrus vir die April-September periode in 2016 sal uitreik nie. Permitte vir suurlemoene sal uitgereik word (soos dit die geval in 2015 was).

## ELEKTRONIESE DATA UITRUILING (EDI) KRY 'n HUPSTOOT

Vir 'n aantal jare het Paul Hardman alleen die Phytclean proses gedryf – 'n proses wat daarop gemik is om die afhanklikheid van papier en "spreadsheet" gebaseerde sisteme te verminder. Dit het reeds 'n verskeie verbeteringe in die manier waarop data in die bedryf hanteer word, tot gevolg gehad - die meeste by elektroniese registrasies. Hierdie proses is nou versterk deur die aanstelling van Keziah Naidoo as projekbestuurder: Phytclean.

## CITRUS ACADEMY BEURSFONDS se 10de VERJAARSDAG

Die Citrus Academy vier volgende week hul tiende verjaarsdag. Die Akademie gaan 'n Spesiale uitstalling by die Universiteit van Pretoria se "Career Fair" volgende Donderdag en Vrydag hê. Donderdagaand is die partytjie. Hulle sal die meeste van hul oudstudente herenig en hul goeie stories "showcase", om sodoende te wys dat transformasie in die sitrusbedryf divers en volhoubaar is. Dankie aan almal wat die "crowd funding" poging ondersteun het om die studente daar te kry. As jy bereid is om verder van hulp te wees, tree asseblief in verbinding met Jacomien. (jacomien@citrusacademy.org.za).

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Pomelo Fokusgroep het op Woensdag vergader en geskatte volume verminder (sien onder). Die verpakking van pomelo's is minder as in die vorige jare, terwyl sagte sitrus, suurlemoene en nawels meer is.

| Tot einde Week 6/5/16 Miljoen 15 Kg katonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 4 m | 3.4 m | 2.2 m | 1.4 m | 1 m | 12.4 m | **12.3 m** | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 2 m | 2.3 m | 2.8 m | 1.6 m | 2 m | 11.2 m | 11.2 m | 10 m |
| Suurlemoene | 2.7 m | 3.3 m | 4.4 m | 2.4 m | 3.1 m | 16.1 m | 16.1 m | 15.1 m |
| Nawels | 0.4 m | 0.5 m | 1.4 m | 0.1 m | 0.5 m | 25.1 m | 25.1 m | 24.5 m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 46.4 m | 46.4 m | 52.7 m |
| Totaal | 9.1 m | 9.5 m | 10.8 m | 5.5 m | 6.6 m | 111.2 m | 111.1 m | 118.3 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)** justchad_cga